

Inhoud. Die gemeenskap van gelowiges word hier onderskei van die geestelike verbroedering in die afgodsdien van die moderne Christelikheid. Dit wys op twee maniere waarop mense aanvaar kan word, in die geloof as medegelowiges of in mekaar se begeertes in geestelike groepe.

Skriflesing: Romeine 15: 7 – 13. Galasiërs 4:21 – 5: 3, 13-18.

Teks Rom. 15: 7 “Daarom, aanvaar mekaar, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.”

Tema: Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie.

1. Aanvaar ons mekaar soos Christus aanvaar het of aanvaar ons mekaar soos ons God aanvaar?

Hierdie manier waarop óf glo in Christus se aanvaarding óf ons aanvaarding van God, maak die groot verskil in hoe Christene mekaar onderling as medegelowiges aanvaar: leef ons in die gemeenskap van gelowiges of is ons besig met geestelike verbroedering.

Die gemeenskap van gelowiges teenoor geestelike verbroedering, is die verskil tussen 'n kerklike gemeenskap wat met blydschap en vrede vervul is Rom. 15:13 aan die een kant en aan die ander kant 'n geestelike verbroedering wat mekaar die hele tyd byt en verskeur. Gal. 5:15.

Die kerk se lede aanvaar mekaar soos Christus hulle aanvaar het. Geestelikes aanvaar mekaar soos hulle God vir hul self aanvaar.

Vir Paulus is hierdie die groot verskil van hoe gelowiges mekaar as kerk aanvaar teenoor hoe die Jode mekaar as 'n geestelike verbroedering aanvaar.

2. Paulus vergelyk die verskil van die Joodse verbroedering en die geloofsgemeenskap van die kerk, met die verskil tussen Sara en Hager, Abraham se vrou en sy slavin.

Hy noem die Joodse gemeenskap kinders van die huidige Jerusalem en gelowiges kinders van die hemelse Jerusalem.

Die Joodse gemeenskap word gevorm uit die natuurlike gang van die lewe, maar die kinders van die hemelse Jerusalem is kinders wat deur die belofte van die Here geskep en aan mekaar verbind is.

Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie

Vir die onderlinge verbintenis tussen lede van die Joodse gemeenskap teenoor die onderlinge verbintenis van gelowiges in die kerk gebruik hy dan die woorde slaaf en vry.

Jode is binne die Joodse gemeenskap aan mekaar gebind soos slawe aan mekaar gebind is. Gelowiges is onderling in die kerk aan mekaar verbind soos kinders van hulle ouers verbind is.

3. Wat maak die verskil in hierdie onderlinge verbondenheid?

Wat die verskil maak is die wyse waarop jy deur God regeer word, deur mag of deur sy genade en liefde.

Dit sien ons in die beeld van Jerusalem, die aardse en die hemelse een!

Jerusalem is die beeld vir die setel van die Christus se gesag. Jerusalem verteenwoordig die heerskappy van die Christus, die Messias.

Die Christus wat die Jode in Jerusalem vereer, is die een wat hulle self wil aanstel in hulle eie strewe na mag. Hulle soek 'n Messias wat alle mense aan hulle wettiese geestelike reëls moet onderwerp. Gal. 4: 3. Die aardse Jerusalem is altyd die setel van mense se geestelike mag om ander mense aan hulle begeertes te onderwerp asof dit onderworpenheid aan God is.

Jesus Christus is die Here van die hemelse Jerusalem.

Hy regeer sy kerk deur die liefde en genade om hulle in sy lyding en opstanding in te sluit en weer aan die liefde van die wet van God vas te bind. Hierdie gesag van die Here om ons so as God te regeer, is die hemelse Jerusalem.

Die verbintenis tot mense se geestelike mag op aarde, die mag om jou sondige begeertes met geestelike reëls af te dwing, is geestelike verbroedering.

Die verbintenis tot God se gesag in en deur Christus is die gemeenskap van gelowiges met maak: hulle aanvaar mekaar soos Christus hulle aanvaar het.

Daarom stel Paulus dit so uitdruklik teenoor mekaar in Galasiërs 5:18 "Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie." en herhaal het dit bevestigend in vers 25: "Ons lewe deur die Gees. Laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.

Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie

Christene se onderlinge verbintenis tot mekaar as lede van die kerk van Christus word bepaal deur die evangelie, nie deur die wet nie. Want Christus regeer hulle deur die evangelie, nie deur die wet nie.

4. Geloofsgemeenskap en geestelike verbroedering is wat die verskil maak tussen of aanvaarding van mekaar of om mekaar te byt en te verskeur.

Die vrymoedigheid om mekaar binne die gemeentes te byt en te verskeur het die gemeentes in Turkye (Galasië) gekry weens hulle opvatting dat die Here weer die Here van die aardse Jerusalem is wat hulle met mag regeer.

Hulle maak van Jesus weer die Christus van die aardse Jerusalem, geestelike mag op aarde.

Kyk hoe verwoord Paulus dit in Galasiërs 3: “2 Net een ding wil ek van julle weet! Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet te onderhou of deur die evangelie te glo?” Hierop stel hy dan: “Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of die evangelie glo?”

Hulle het mekaar weer soos 'n klomp slawe gesien en aanvaar!

Hulle het mekaar nie meer as broers en susters gesien en aanvaar nie!

Hulle het mekaar aanvaar soos hulle Christus as aardse Messias sou aanvaar het en nie meer mekaar aanvaar soos Christus hulle aanvaar het nie.

Daarom voel hulle hul self vrymoedig om mekaar as lede van die kerk te byt en verskeur, net soos dit binne die Joodse gemeenskap gebeur.

5. Hoe byt en verskeur 'n mens mekaar binne geestelike verbroedering?

Met die mag van hulle geestelikheid!

Dit is net soos Paulus dit verduidelik met die voorbeeld van arbeiders en kinders in die boek Galasiërs. Hoe byt en verskeur arbeiders mekaar terwyl hulle moet werk?

Hulle sien mekaar as mense wat onder die mag van God slawe van God is en daarom ook aan mekaar onderworpe is.

Binne hierdie onderworpenheid aan die wet soek hulle onder mekaar mag oor mekaar en maak hulle sommer vir en oor mekaar hulle eie reëls op, wat niks met die regte werk te doen het nie.

Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie

U ken mos hierdie magspel van onderlinge byt en verskeur van arbeiders met mekaar!

- 'n Werkgewer kry 'n klomp vreemde mense van die straat af en al wat hulle dan bind is dat hulle aan hom en sy eise onderworpe is.
- Dadelik vorm hulle dan ondermekaar 'n magstryd van wie noue eintlik onder hulle die baas is en en wie nou eintlik die reëls toepas en opmaak.
- In hierdie onderlinge onderwerping van mekaar sê mekaar sleg om te wys wie is baas! Hulle voeg mekaar woorde toe wat sou ons dit doen moet ons voor die hof verskyn.
- Hulle gebruik die werkgewer se gesag om mekaar te ondermyn en te intimideer, die een probeer die ander uitvang en verkla.
- Hulle is die hele tyd ingestel op die foute wat ander maak om hul self van die eise van die werk te verskoon.

6. Wat is die kern van hierdie onderlinge veroordeling en verkla van so arbeiders gemeenskap?

Die geestelike mag waaraan hulle onderworpe is en mekaar aan onderwerp.

Hy is die baas wat eise stel, vergoed en beloon, en dit skep hierdie onderlinge naywer en minagting vir mekaar.

In alle geestelike gemeenskappe of dit Joods of Christelik is, is daar hierdie onderlinge naywer en minagting vir mekaar omdat hulle aan mekaar verbind is deur die mag van God: God onderwerp ons aan sy mag en ons onder onderwerp mekaar deur hierdie mag van God oor ons.

Dit is die kern van alle byt en verskeuringsdrif in geestelike gemeenskappe!

“Hulle gaan net kerk toe om te wys hulle is heilig, maar hulle is eintlik skynheilig, ek ken hulle beter as dit.”

Byt en verskeur!

'n Trae arbeider wat voel ander het meer mag as hy en wat hulle doen wat doen hulle om meer geestelike mag oor ander te kry.

“God aanvaar my net soos ek is en hulle moet my maar net aanvaar soos ek is. Niemand kan vir my sê wat ek moet doen nie. ”

Byt en verskeur!

Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie

'n Moedswillige arbeider wat homself die mag toeëien om sy luiheid en slegtheid sy trots te maak teenoor die mag van sy werkgewer en medearbeiders aan sy luiheid te onderwerp.

“Hulle bid en leef nie geestelik genoeg nie en kan daarom nie ware geesvervulde Christene wees nie.”

Byt en verskeur!

'n Arbeider wat ingesteld is om deur geestelikheid meer mag te kry as ander en daarom altyd ingesteld is om ander te onderwerp aan sy mag deur hulle aanhoudend op hulle foute en tekortkominge te wys.

7. Dit is teenoor hierdie vrypostige verkla, veroordeel en beskuldigings van mekaar dat Paulus dan met hierdie besondere oproep kom: aanvaar mekaar soos Christus julle aanvaar het.

Hoe het Christus ons aanvaar?

Christus aanvaar ons nooit net soos ons is of soos ons onself vir Hom aanbied en voorhou nie.

Die wyse waarop Christus ons aanvaar is om ons vir God te regverdig! Om ons vir God reg te maak! Dit het Paulus in die hele boek Romeine van hoofstuk 1 tot 14 verduidelik!

Christus maak ons vir God se liefde reg en goed deur ons in te sluit in alles wat Hy in ons plek gely en gehoorsaam was. Christus laat ons gebroke liefde volgens God se wet vir God volkome liefde wees, want dit is nou die liefde van 'n kind, nie 'n arbeider nie.

Dit is hoe gelowiges mekaar aanvaar in en deur die geloof.

Ons glo dat 'n medegelowige vir God se liefde reg en goed is, ten spyte van al die sondes wat medegelowiges doen! Dit is hoe Christus hulle aanvaar: deur hulle in sy regverdigheid te laat deel, nie deur dit self ooit te wees nie.

Ons glo dat die gebrokenheid wat ons in mekaar se liefde vir God sien, nie iets is wat hierdie liefde vir God iets anders kan laat wees as volkome regte liefde nie. Want ons weet dat Christus hierdie gebroke liefde heilig en regverdig vir God as volkome liefde van sy kinders.

Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie

8. Wanneer ons mekaar as medegelowiges op hierdie wyse aanvaar, waarvoor kan ons mekaar onderling dan nog veroordeel, aankla en beskuldig? Dit is byt en verskeur?

Vir sondes?

Ons glo dat Christus ons vir hierdie sondes regverdig maak deur ons in sy geregtigheid te laat deel!

Hoe kan ons dan mekaar vir sondes aankla, beskuldig en veroordeel, wanneer Christus volgens Romeine 8 verse 31 – nie teen ons draai, aankla, veroordeel of aan sy straf oorlewer nie, sodat niks ons van God se liefde kan skei nie?

Watter nut kan dit nog hê om mekaar dan vir sondes aan te kla, te beskuldig en te veroordeel?

Vir liefde wat nie werklik of eg is nie? Liefde wat nooit die toets van die wet ten volle kan deurstaan nie? Dit het geen nut nie want daar is geen mag waar ek myself of ander moet onderwerp nie.

Hoe kan ons medegelowiges daarvoor minag, verneder of verstoot terwyl Christus verklaar dat hulle liefde uit die geloof en in die geloof dat hulle God se kinders is, liefde is wat aan die volle eis van God se wet voldoen? Rom. 8:4.

Hoe kan ons 'n liefde vir God minag wat God vir Homself heilig in Christus? Hoe kan ons op 'n beter liefde aandrang vir God as die liefde wat God vir Hom heilig maak en laat wees, die liefde van kinders wat in sy liefde glo?

Hoe kan ons medegelowiges in die vrees laat leef dat hulle liefde vir God nie goed genoeg is nie, wanneer die Gees wat Christus aan hulle gegee het hulle nooit weer in die vrees kan laat leef wat liefde wat nie goed genoeg is nie? Rom. 8: 15

9. Dit het geen waarde, nut of voordeel om teenoor mekaar so op te tree binne die gemeenskap van gelowiges nie.

Want Christus aanvaar ons deur ons te regverdig, nie deur ons wat ons self vir God reg maak of reg laat wees nie. Dit is hoe Hy ons onderling aan mekaar as lede van sy kerk verbind.

Waar daar geen mag is nie maar diensbaarheid, is alle byt en verskeur totaal onnodig.

Nou waarom gaan hierdie gebyt en verskeur van mekaar dan?

Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie

Dit gaan oor die verbroedering van hulle wat God as hulle God aanvaar. Om God te aanvaar as jou God is tog totaal iets anders as Christus wat jou aanvaar deur jou kind van God te maak. In hierdie verbroedering kry mense en skep mense geestelike mag!

Hoe aanvaar hulle God as hulle God? Volgens hulle sondige begeertes!

Dit is die mag van verbroedering: om sondige begeertes as geestelike mag te skep en uit te leef.

Die tipe god wat alle geestelikes vir hulle self aanvaar is altyd die God van hulle sondige begeertes. Dit is die tipe god wat volgens Romeine 8 net soos mense besig is met die dinge van die sondige aard van die mens. Dit is afgode wat mense vir hulle self ontwerp en uitdink en dan hierdie afgod as hulle god aanvaar.

Elkeen aanvaar God as die afgod wat hulle sondige begeertes regverdig as ware liefde en toewyding aan God.

Waar mense God so as afgod aanvaar, is daar geen aanvaarding van mekaar op die wyse waarop Christus ons aanvaar moontlik nie. In die plek van hierdie onderlinge aanvaarding kom die minagting en veroordeling van verbroedering.

10. Wat noem 'n mens 'n god wat jou aanvaar net soos jy is, 'n god wat jou sondige geaardheid jou geestelike krag en mag maak?

Dit is 'n god wat jou met jou sondige begeertes aanvaar omdat sonde menslik is en eintlik op die ou einde tog maar niks anders is as ware liefde nie? 'n God wat jou sondige begeertes aanvaar as jou ware liefde vir God?

Dit is tog niks anders as 'n afgod nie!

Dit is hoekom Paulus dan op die Galasiërs wat enkele jare van tevore nog heidene was wat afgode aanbid het stel: "Julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar die mekaar in liefde."

Die vryheid om vir God reg en goed te wees al doen jy sonde en in jou gebroke liefde vir God geheilig te wees as sy kind, is iets anders as die mag om jouself volgens jou sondige begeertes te wees.

Dit is die vryheid om in God se liefde mekaar volgens God se wet in liefde te dien.

Die vryheid om jouself te wees in jou eie sondige begeertes en te glo god aanvaar jou só, sodat jy vry in hierdie begeertes kan leef, is die magspel van afgodediens.

Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie

11. Ironies genoeg, wanneer mense aandring dat jy hulle moet aanvaar soos hulle God vir hul self aanvaar het, begin hulle die gelowiges byt en verskeur! Hulle verskeur die vryheid om God en jou naaste te dien met hulle mag om sondige begeertes hulle geestelike liefde te maak.

Watter nut het dit om gelowiges wat die Here in eredienste vereer as skynheilig, vertonerig, oneg en as mense wat net deur ander mense gesien wil word te veroordeel?

Binne die aanvaarding van mekaar soos Christus ons aanvaar het dit geen nut nie!

Maar binne die verbroedering van hulle wat glo dat God hulle aanvaar net soos hulle is, regverdig dit hulle oneerbiedigheid en lofloosheid teenoor God. Hulle leef 'n verbroedering van almal wat glo God aanvaar jou net soos jy is, teen die gelowiges dat Christus jou vir God reg maak!

Hierdie oordele is niks anders as die verbroedering van hulle wat vir hul self van Christus 'n afgod gemaak het nie: Hy aanvaar ons net soos ons in ons sondige begeertes is!

Dit is die magsvorming van sondige begeertes in die kerk teen die kerk.

Watter nut het dit om gelowiges wat in hulle liefde aan God toegewyd en diensbaar wil leef, in die wete van hulle eie gebrokenheid, te veroordeel, aan te kla en te beskuldig dat hulle fundamentalisties, eng, konserwatief en biblisisties is?

Binne die aanvaarding van mekaar soos Christus ons aanvaar kan dit geen doel doen nie!

Maar binne die verbroedering van hulle wat glo dat God hulle aanvaar net soos hulle is, maak nie saak hoe belangeloos, argloos en onverskillig hulle oor God se wet is nie, is dit wesenlik van belang.

Dit is net soos met arbeiders. Om die wat hard werk met geweld te intimideer verskoon hulle hul self van die taak waartoe hulle self verbind moet wees.

Dit is die verbroedering van afgodsdienste wat die kerk so byt en verskeur! Dit is en kan nooit die geloof wees waarin ons mekaar se gebroke liefde aan God aanvaar as volle toewyding in sy diens vir mekaar nie.

Dit is die magsopbou van geestelikes binne die kerk om hulle sondige geaardheid as ware liefde binne die kerk uit te leef.

Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie

Watter nut het dit om gelowiges wat ingestel is om die eise van God se wet in hulle liefde vir God en mekaar te onderhou verdag te maak, belaglik voor te stel, as wetties en liefdeloos te veroordeel?

Binne die gemeenskap van gelowiges is dit totaal iets onsinnigs! Hoe kan ons medegelowiges vir hulle verbintenis om God volgens sy wet lief te hê, belaglik maak, wanneer dit deur God in en deur Christus volmaakte liefde aanvaar word.

Dit het egter baie nut vir hulle wat nie aan God se wet gebind wil wees as die wyse waarop jy God lief het nie, maar hulle sondige begeertes wil uitleef asof dit ware liefde vir God is.

Hierdie spot, aankla en veroordeel van gelowiges se liefde volgens God se wet, is die magsvorming, die verbroedering van hulle wat God nie volgens sy wet nie maar volgens hulle sondige begeertes wil liefhê.

12. Waarvan wil ons deel wees?

Die gemeenskap van gelowiges of die verbroedering van geestelikes?

In die gemeenskap van gelowiges aanvaar ons mekaar soos Christus ons aanvaar het: Hy sluit ons in sy liefde in deur sy genade en verbind ons weer aan liefde volgens God se wet, liefde wat Hy altyd aanvaar as goed, reg en heilig, maak nie saak hoe gebroke nie.

Binne hierdie geloofsgemeenskap kan ons nie mekaar veroordeel, aankla en beskuldig nie, byt en verskeur nie, want dit het geen nut nie.

In die verbroedering van geestelikes aanvaar hulle mekaar soos hulle God aanvaar: die god wat hulle sondige begeertes aanvaar as ware liefde!

Binne hierdie verbroedering moet hulle altyd die gelowiges byt en verskeur!

Hulle kan nie mekaar in geloof aanvaar nie, want hulle soek die mag om sondige drifte as liefde vir mekaar te regverdig.

13. Mag ons hierdie verbroedering binne die gemeenskap van gelowiges aanvaar?

Ons kan nie!

Die aardse Jerusalem en die hemelse Jerusalem kan nooit een geloofsgemeenskap wees nie. Slawe en kinders kan nooit een gemeenskap wees wat in onderlinge liefde met mekaar verbind is nie.

Christus maak ons 'n geloofsgemeenskap, ons is nie met geestelike verbroedering besig nie

Ons leef in die geloof in God se liefde wat ons regverdig maak. Nie in die drif dat God ons sondige begeertes as ware liefde moet regverdig nie.

Ons leef in die geloof dat ons God volgens sy wet mag liefhê omdat Hy hierdie liefde vir Homself heilig. Ons leef nie in die drif dat God ons moet aanvaar soos ons is nie.

Ons moet die slavin en haar kind wegjaag!

Want hulle sal die kerk byt en verskeur en later heeltemal verslind. Ons mag ons nie aan hulle byt en verskeur onderwerp nie: hierdie passie vir geestelike mag om hulle self binne die kerk te wees, is en kan nooit deel van ons gemeenskap met die genade en liefde van die Here wees nie.

Ons aanvaar mekaar soos Christus ons aanvaar het, ons kan nie met geestelike verbroedering in die gemeente en kerk van die Here besig wees nie.

Skrifuitleg

- Die oproep in Rom. 15:7 is om mekaar as lede van Christus te aanvaar.
- Die uitdrukking “tot eer van God” sluit inhoudelik aan by die inleiding 1: 5 om die evangelie te verkondig en die aanvaarding van die evangelie is tot eer van God.
- Die kerk is volgens 1:6 hulle wat ingesluit is en deel in Jesus Christus.
- Die aanvaarding van mekaar as liggaam van Christus kerk, is om te glo hoe Christus sondaars aanvaar, met die klem hiet op heidene teenoor Jode.
- Die wyse waarop Christus sondaars aanvaar is om hulle te regverdig. Deur hulle in te sluit in Homself, in sy lyding en opstanding, Hoofstuk 6, skep Hy in hulle 'n nuwe geloofsgehoorsaamheid aan God. Romeine 8.
- Aanvaarding in die geloof beteken om te glo dat Christus ander ook insluit en laat deel waarby hy my insluit en laat deel.
- Dit is die geloof aan die heilige algemene Christelike Kerk.

- Hierteenoor staan die teregwyding in Galasiërs 5: 15 om mekaar te nie te byt en verslind nie.

- Die konflik waarin hulle mekaar kan byt en verslind is die vryheid om kinders van die belofte te wees 4: 28, kinders van die vrye en kinders van die slavin, dit is dan die geestelike gemeenskap van Jode teenoor die gemeenskap van die gelowiges.
- Die begeertes van ons sondige natuur is die geestelikheid van die Jode. Dit staan teenoor die geloofsgehoorsaamheid van die gelowiges wat mekaar in liefde dien.

Preek notas.

- Die kontras gaan oor die aanvaarding soos Christus ons aanvaar teenoor die manier waarop mense God aanvaar.
- Die teenstelling sal dan moet wees aanvaar soos Christus ons aanvaar teenoor aanvaar soos ons God vir onself aanvaar.
- Dit is gefokus in die belydenis: God moet my aanvaar soos ek is of God het my aanvaar soos ek is.
- Dit is die kern van die verskil tussen geestelike eenheid en geloofseenheid.
- Dit is ook die verskil tussen verbroedering en die aanvaarding om broer en suster te wees.
- Geestelike verbroedering is die kern van onderlinge veroordeling en beskuldigings binne kerklike verband, van onderwerping en vernedering aan mekaar se geestelike begeertes.